Senwes

Tussentydse Resultate

Oktober **2025**

LOS NUWE SPORE

Oorsig

Die produksieseisoen van 2024/25 het 'n sterk herstel getoon, gedryf deur gunstige reënval en verbeterde planttoestande. Dit het gelei tot een van die dekade se grootste mielie-oeste, asook beduidende groei in sojaboonproduksie. Hierdie gunstige toestande, tesame met die volgehoue uitvoering van ons langtermyn strategiese doelwitte, het daartoe bygedra dat die Senwes Groep, ten spyte van aanhoudende makro-ekonomiese druk, bevredigende tussentydse resultate kon lewer.

Aankondigings

- Uitbreiding van die John Deere-gebied deur die verkryging van Trekker en Diesel, asook die AMC-transaksie (onderhewig aan regulatoriese goedkeuring).
- Vinlab-verkryging het die groep se voetspoor in die Wes-Kaap vergroot.
- 80,7% van AgriRewards is op 1 Desember 2025 na Senwes aandele omgeskakel.
- Installasie van droogoonde by silo's toon goeie vordering, met 4 reeds ten volle operasioneel.
- Verkoop van die belegging in Botselo Mills na die verslagdoeningstydperk.
- Volle integrasie van Prodist in die Falcon besigheid sal na verwagting verdere toekomstige effektiwiteit en winsgewendheid lewer.

Vooruitsigte

Daar word verwag dat die tweede helfte van die jaar 'n stabiele prestasie vir die groep sal lewer, alhoewel dit binne 'n konteks van voortdurende onsekerhede sal plaasvind. Produsente beplan om hul aanplantings van somergraan en oliesade te vergroot, ondersteun deur gunstige weersomstandighede en volgehoue beleggings in masjinerie. Alhoewel laer graanpryse korttermynbesteding kan beperk, behoort laer rentekoerse en die voortgesette vervangingsiklusse sterk toerustingverkope te handhaaf. Internasionaal word die vooruitskatting verder versterk deur die geleidelike herstel van die Duitse masjinieriemark, ten spyte van moontlike uitdagings weens Amerikaanse tariewe.

Omset
2024: R7 177 miljoen
0,6% ↓
R7 134 miljoen

Wins uit normale bedryfsaktiwiteite
2024: R503 miljoen
22,9% ↑
R618 miljoen

Wins ná belasting en minderheidsbelang
2024: R241 miljoen
34,9% ↑
R325 miljoen

Eie kapitaalverhouding
2024: 36,4%
1,9% ↓
34,5%

Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel
2024: 143,5 sent per aandeel
47,4% ↑
211,5 sent per aandeel

Vrye kontantvloei
2024: R2 520 miljoen
17,7% ↓
R2 073 miljoen

Netto batewaarde
2024: R27,29 per aandeel
11,3% ↑
R30,37 per aandeel

Opbrengs op geïnvesteerde kapitaal
2024: 5,3%
0,4% ↑
5,7%

Besigheidsegmente

Marktoegang

Bedryfswins voor belasting, netto van finansieringskoste

↑ 46,5%	2025	2024
	R211m	R144m

Ten spyte van baie lae aanvangsvoorraad, het die Graansegment verbeterde resultate gelewer, gedryf deur hoër innamevolumes, 'n gunstige kommoditeitsamestelling en doelgerigte strategiese inisiatiewe. Die gemiddelde voorraad in berging het met 17,5% toegeneem, en sojaboonlewerings het verwagtinge oortref. Die landwye kwaliteituitdagings in graan, veral by witmielies, was duidelik sigbaar in ons ontvangste. As gevolg van die laat en verlengde oesseisoen is 'n groter hoeveelheid witmielies direk aan meule gelewer.

Insetverskaffing

Bedryfswins voor belasting, netto van finansieringskoste

↑ 47,8%	2025	2024
	R204m	R138m

Verkope van hoër-waarde nuwe heelwerktuie items binne Senwes Equipment het afgeneem, terwyl die SFL Groep na winsgewendheid teruggekeer het, gedryf deur sy omdraaistrategie en verbeterde marktoestande wat die masjinerie-omset verhoog het. Interne en eksterne uitdagings in die Duitse besigheid bly egter 'n kernfokus vir bestuur. Falcon het sterk omsetgroei behaal weens vertraagde somerverkope, wat bygedra het tot die vermindering van oortollige voorraad. Verhoogde omset en hoër bruto-winsmarges het beter resultate binne die kleinhandelsegment, insluitend brandstofverkope, in die Senwes- en KLK-gebiede tot gevolg gehad.

Finansiële Dienste en Advies

Bedryfswins voor belasting, netto van finansieringskoste

↑ 13,8%	2025	2024
	R107m	R94m

Die Kredietsegment het 'n 5,7% daling in omset gerapporteer, hoofsaaklik as gevolg van 'n kleiner gemiddelde kredietboek en laer rentekoerse. Terugbetalingspatrone is beïnvloed deur die tydsberekening van die oes en laer mielieprys. Die Versekerings- en adviessegment het sterker presteer, gedryf deur die onderskrywing in die selstruktuur as gevolg van laer eise. Certisure se resultate het stabiel gebly en weerspieël die beperkte groei in landbouversekeringspolisse.

Verwerking, Kondisionering en Markte

Bedryfswins voor belasting, netto van finansieringskoste

↓ 24,4%	2025	2024
	R96m	R127m

Bader SA het sy verwerkingskontrak vir velle met SA Dorper beëindig, wat gelei het tot die erkenning van 'n waardedaling voorsiening op SA Dorper se bates. Die vraag na kalk het versterk, gedryf deur 'n beter graanoes en gunstige grondvog. Die Carpe Diem Groep het 35,2% minder rosyntjies verkoop weens die rekordoes van die vorige jaar, maar hoër pryse behaal as gevolg van 'n kleiner Turkse oes. NviroTek het vinnig herstel na 'n stadige begin met grondmonsters en het uiteindelik 'n groter volume verwerk as die vorige jaar. Botselo Mills se bruto-winsmarges het herstel, gedryf deur laer mielieprys.

Dividendverklaring

	Senwes	Agribel Holdings
Tussentydse dividend per aandeel*:	56 sent [2024: 52 sent]	45 sent [2024: 41 sent]
Rekorddatum:	10 Desember 2025	10 Desember 2025
Betalingsdatum:	18 Desember 2025	19 Desember 2025

*Dividendbelasting sal van toepassing wees.
Vir verhandeling in Senwes-aandele, besoek **www.senwes.com**

Senwes Bpk (Registrasienommer: 1997/005336/06), Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 | Tel: 018 464 7800 | Webwerf: www.senwes.co.za

Direkteure: JDM Minnaar (Voorsitter), SF Booysen (Ondervoorsitter), D Bester (Groep Hoof Uitvoerende Beampte)* WW Edwards (Waarnemende Groep Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, NDP Liebenberg, JJ Minnaar, WH van Zyl, JJ Viljoen and AG Waller. Maatskappysekretaris: EM Joynt. **Uitvoerend*

https://bit.ly/SenwesReports